

U is ons vader, Here
Jesaja 64:1-9
(Eerste Sondag van Advent)



Foto: Andrew Neel (pexels)

Agtergrond

Die preek uit Jesaja 64:1-9 is op die Eerste Sondag van Advent in die NGK gemeente Zwaanswyk gelewer. Die fokus van die boodskap was op die interaksie tussen die atmosfeer van afwagting, verwagting en hoop wat die kerklike seisoen van Advent kenmerk enersyds, en die worsteling van die geloofsgemeenskap binne die besondere historiese konteks aan die einde van 2020, andersyds. Dit geld beide vir die breër samelewing én die besondere situasie waarbinne hierdie spesifieke gemeente haarself bevind. Die gemeenskaplike klaagpsalm as literatuursoort, waarvan Jesaja 64 verteenwoordigend is, bied die teologiese woordeskat vir die geloofsgemeenskap om in 'n tyd soos hierdie met God in gesprek te tree oor ons ervaringe van die lewe as mense wat God aanbid. Daarom kan eie toepassings gemaak word waar die preek spesifiek verwys na die Zwaanswyk konteks.

Die preek sluit aan by die preekstudie wat prof. Louis Jonker vir die *Woord en Fees* bundel van Bybel-Media en Ekklesia geskryf het, met die oog op die 2020/21 Liturgiese jaar. Die tweede deel van die preek bevat heelwat gedagtes uit Jonker se preekstudie in bogenoemde publikasie.

Skriflesing: Jesaja 64:1-9.

Die afgebakende teks vorm deel van 'n groter eenheid: Jesaja 63:7-64:12. Tot by Jesaja 63:6 gaan dit oor die woord van die Here deur die profeet. Daarna wissel die spreker egter na 'n bidder wat intree namens die volk van die Here; die bidder spreek die Here direk aan, namens die volk Israel. Hier is twee dele ter sprake: 63:7-14 en 63:15-64:12. Dit vorm die tipiese dele van die klaaglied van die gemeenskap, as literatuursoort.

I

Klagtes, verlange en afwagting... En op hierdie eerste Sondag van Advent, ook die woord "hoop"... Dit is woorde wat aan die einde van 2020, met die aanvang van Advent, meermale in die gedagtes opkom...

Eintlik gaan dit oor veel meer as net woorde. **Die woorde self beskryf gemoedstoestande en eksistensiële belewing.** Dit gee uitdrukking aan diep menslike gewaarwordinge, veral ook binne ons huidige konteks en tydsgewrig...

Wat gebeur met jou as jy die eerste woorde van ons Skrifdeel hoor? "As U maar..." (2020-vertaling & 1983-vertaling); "O, that you would..." (NIV); "Ag, as U maar..." (1933/53-vertaling).

Jy ken moontlik self die gevoel van magteloosheid as jy ervaar dat die lewe jou onderkry... Dink 'n oomblik na oor die woordeskat van 'n mismoenige en verslae mens. Dikwels is dit eerder kreune en geluide as woorde en sinne. Paulus beskryf iets daarvan in Romeine 8:22 as hy sê die skepping sug saam met ons, en verkeer in geboortepyne...

Die taal van menslike klag (lament) neem besit van jou totale wese - murg en been. Die Covid-19 pandemie waarin die 2020-wêreld verkeer het die afgelope maande nuwe taal geskep waardeur mense hulle ervaring van ontwrigting verwoord en met mekaar deel.

Ons geslag is midde-in 'n situasie wat waarskynlik selde in die geskiedenis met dieselfde omvang en intensiteit beleef is. Ek dink dat die gemeente van Zwaanswyk self ook 'n situasie beleef wat die verlange na God se teenwoordigheid en die sug van verlatenheid verdiep. Om in die ontwrigtende Covid-19 tydsgewrig sonder 'n leraar te wees en oor die gemeente se toekoms te besin, versterk sekerlik die gevoel van Godverlatenheid. (Hier kan ander toepassings gemaak word vanuit eie kontekste).

Hierdie diep menslike ervaring van verlange na God, word juis in Jesaja 63:15-64:12 wat ons Skrifdeel insluit, 'n dringende klaagroep: "Here, kyk tog uit die hemel uit en sien ons tog raak ...!" Die gemeenskaplike klaaglied bereik 'n klimaks in 64:12, wanneer die bidder smeek: "Raak hierdie dinge U dan nie, Here? Gaan U nie ingryp nie? Gaan U aanhou om ons te laat ly?" Sal U bly swyg, ons mateloos verneder? (2020-vertaling) As U maar die hemel wou oopskeur en afdaal, Here... (vers 1). Where is God when it hurts? vra die Amerikaanse skrywer Philip Yancey in die titel van sy boek waarin hy riglyne voorstel om te kan staande bly in moeilike tye.

II

Te midde van al die ontwrigting en klaagroepe, het ons ook gekom aan die einde van 2020 met die aanbreek van **Advent**. Met Advent begin ons voorberei om God se verlossingswerk vierend te herdenk. Hierdie seisoen van die Kerkjaar het die kenmerk van afwagting en verwagting. Daar is iets van opwinding en verlange in die lug. Ons word as't ware aangevuur deur die naderende Kersfees en die vooruitsig om saam met familie en vriende, feestelik saam te wees terwyl ons die geboorte van die Christus-kind herdenk.

Op pad daarheen beleef ons 'n tinteling van verlange en afwagting in ons are. Ons verlang na die ervaring van God se teenwoordigheid.

Juis in hierdie buitengewone tyd in ons lewe luister ons vandag na die profesie van Jesaja 64. Ons word uitgenooi om oor ons eie situasie te reflekteer in die lig van die ervaring van die nallingskap Jode in Jerusalem.

Ons verlang ook na God en die krag van God se teenwoordigheid onder mense. Jesaja 64 teken die krag van God se teenwoordigheid beeldryk in verse 1 en 3: die berge sal bewe van u teenwoordigheid, en in vers 2: die nasies sal bewe vanweë u teenwoordigheid. Ja, as God sy teenwoordigheid laat geld, neem die natuur en nasies daarvan kennis...

III

Jesaja 56-66 is die derde **versameling profetiese uitsprake** van die boek. Op die agtergrond van die profetiese aktiwiteit in hierdie hoofstukke lê die Babiloniese ballingskap en die volk van God se herinneringe aan hulle ervaring weg van Jerusalem, en die geliefde Tempel op Sionsberg. Die volk is terug in Palestina - nie meer in Babel nie. In 538 vC het Kores toegelaat dat die ballinge na Jerusalem terugkeer.

Die voorafgaande hoofstukke (40-55) het die genade van die Here beklemtoon. In Jesaja 56 tot 66 verskuif die beklemtoning na die Here se verwagting dat sy mense regverdig moet lewe en Hom op die regte manier moet aanbid. Al is dit waar dat Israel se redding en herstel op genade berus, beteken dit nie dat God se volk maar kan doen net wat elkeen goed vind om te doen nie. Wat vir God belangrik is, is dat mense God van harte moet volg en dien.

Die boodskap van die derde deel van die Jesaja boek is dié van gelyktydigheid. Hou jou oë op die toekoms wanneer God die ganse skepping gaan vernuwe, maar lewe nou reeds toegewyd aan die Here.

IV

Leonard Maré in *Ontsluit die Bybel*, vind dit vreemd dat die boek Jesaja eindig met 'n fokus op **regte etiese gedrag**. Die klem val op op gehoorsaamheid aan die Here in die hede. Die tema van gehoorsaamheid en regverdige lewenswyse met 'n sterk verwagting vir die heerlijkheid van die toekoms, loop deur na die Nuwe Testament, en kleur ook die Kerklike Seisoen van Advent, wat ons vandag begin vier.

Die tema van gehoorsaamheid aan die Here in die hede, word in ons tyd weer sterk beklemtoon deur veral die kontemplatiewe spiritualiteit. Willem Nicol het 'n boek oor hierdie

tema geskryf, met die titel: *Oop vir die oomblik. Nader aan die hier en nou met die Here*. In dié boek ontvou Willem Nicol die geloofsgewoonte van teenwoordig-leef. Hy neem as uitgangspunt dat elke oomblik van ons lewe 'n oneindige rykdom bevat en dat jy niks méér het as die oomblik nie. Maar, gaan hy verder, die oomblik is ook méér as wat jy self kan dink.

Ek wil nie nou meer sê oor Willem Nicol se boek nie, behalwe om aansluiting te vind tussen Israel se verlange na God se teenwoordigheid en die gedagte van Nicol dat as jy teenwoordig leef, dan lééf jy werklik. Ons moet self ook erns maak met die oomblik waarbinne ons tans leef. Te midde van ons gemeenskaplike klaaglied oor ons omstandighede, moet ons fyn luister om te verneem waar God besig en teenwoordig is.

Inderdaad, waar is God as dit so swaar gaan met ons?

Miskien sal dit ons help om na God se boodskap vir Israel in Jesaja 63 en 64 te luister. Jesaja 63:7-14 vertel hoe die Here sy volk tot stand gebring en vir hulle gesorg het. Die bidder beskryf hoe die Here se verbondsgoedheid (*hesed*) hulle gedra het. Die spreker verduidelik wat die Here vir hul totstandkoming en voortbestaan beteken het. Hy haal die Here aan wat selfs verklaar het dat hulle sy volk is, en sy kinders.

In Jesaja 63:10 hoor ons die erkenning van skuld: die volk het in opstand gekom teen die Here, wat toe vir hulle soos 'n vyand geword het, sodat hulle nou selfs twyfel of Hy nog hulle God is, of Hy nog by hulle teenwoordig is, en of Hy hom nog oor hulle sal ontferm. Die gevolg was dat die Here sy aangesig vir hulle verberg en hulle laat vergaan het.

Here, kyk tog uit die hemel uit en sien ons tog raak ...!

V

En dan kom die draaipunt in Jesaja 64:8. Louis Jonker wys in sy preekstudie in *Woord & Fees 2020/21* daarop dat vers 8 binne Jesaja 63:15-64:12, eensklaps 'n wending aandui... Terwyl die hele gedeelte een klaagroep teenoor die Here is, spreek vers 8 vertrou uit: *U is ons vader, Here, ons is klei en U het ons gevorm, ons is almal die werk van u hande*.

Hoor die **element van vertrou** in Jesaja se klaagpsalm. Terwyl die aanklag teen die Here fel en dringend is, verloor die bidder nie sy vertrou in die Here God nie, skryf Jonker. Die klaagebed is 'n ernstige gebed tot die Here. Dit het 'n adres, omdat die God van hierdie adres bekend is.

Eers word Jahwe as "vader" aangespreek, een van 'n handjievol tekste waar Jahwe direk as "Vader" benoem word, herinner Jonker sy lesers. Hierdie beeld uit 'n antieke patriargale omgewing, hou 'n besondere troos vir die godsvolk in. Deur Jahwe hul "Vader" te noem, besef hulle waarvandaan hulle kom, wie hulle is, en wat die adres is waarheen hulle kan bid.

Hierdie besef word versterk deur die tweede metafoor van die pottebakker en die klei. Die werkwoord wat na Jahwe se vormingsaktiwiteit verwys, is dieselfde term wat in Genesis 2 aandui, dat die Here God die mens uit stof gevorm het (*yatsar*), beklemtoon Jonker. Die skeppingsdaad van die mensdom word hier deur die godsvolk in herinnering geroep. Hulle

besef dat hulle slegs maar stof in die hande van die Pottebakker is. Terwyl hulle hul klaargroep aan Hom rig, is daar ook die versekering dat hulle die klei in die Pottebakker se hande is.

Jesaja 64 eindig met die vraag of die Here nie hulle omstandighede raaksien en iets daaraan kan doen nie. Ook die 2020 wêreldgemeenskap sug met hierdie vraag voor God: Sal U bly swyg, ons mateloos verneder? Waar is God as ons oor die toekoms van ons gemeenskappe en wêreld worstel? (By Zwaanswyk was die fokus op die gemeente se proses van besinning oor die toekoms as gemeente).

Klagtes, verlange, afwagting en hoop, in die Adventstyd, op pad na Kerfees. In Jesaja 64 staan vers 8 uit soos 'n ligbaken te midde van die klaargroep. Jonker stel dit baie mooi as hy skryf dat die ligbaken nie die donkerte van die vraag na God se teenwoordigheid weg neem nie, maar dit steek 'n kers aan, wat nie deur al die donkerte van die heelal uitgedoof kan word nie. Stamelende, flinkerende vertrou, te midde van die duisternis wat oorweldigend voorkom!

Hoor hoe vers 8 ook vir ons as Christus-gelowiges herinner aan ons identiteit in die 'tussentyd', tussen Advent en Christus se wederkoms. Ons is kinders van God, en klei in die hande van die Formeerder. Laat ons Kerfees tegemoet gaan, terwyl ons nadink oor hoe ons in die 'tussentyd,' moet wag op die voleinding...

Laat ons ook met vrymoedigheid van die gemeenskaplike klaagsalm leer hoe ons met God kan praat in die nou, die hede, in 'n tyd soos hierdie!

Amen

Eddie Orsmond